

3 Desember

Skrifgedeelte: Matteus 27:45-56

Fokusgedeelte: NGB, Art 34

Die doop – einde van bloedvergieting

Wanneer Jesus teen drie-uur die middag op Golgota sterf is dit spitstyd in Jerusalem. Die voorbereidings vir die Pasga is in volle swang. Saam met duisende paaslammers bereik Jesus, God se vlekkelose Paaslam, die einde van sy lewe. Jesus se bloed val saam met die bloed van die lammers op die aarde.

Wat die bloed van lammers egter nie kon doen nie, dit doen die bloed van die Lam van God. Dit stop die strome bloed wat deur die eeue oor die altaar gevloei het. Al daardie offerbloed was heenwysings na sý bloed, die enigste bloed wat werklik sondeskuld kon afwas. Noudat sy bloed gevloei het is geen ander bloed meer nodig nie, nie die bloed van offers nie en ook nie die bloed van die besnydenis nie. Die oorwinning is behaal. Die versoening is bewerk!

Kyk hoe die gevolge van hierdie oorwinning onmiddellik sigbaar word: In die kerk skeur die gordyn wat God van mens skei (vers 51a); in die skepping roep die klippe sy oorwinning uit (vers 51b); die doderyk kan sy dooies nie meer hou nie (vers 52-53) en 'n mensehart raak oortuig dat Jesus waarlik die Seun van God was (vers 54).

Van hierdie triomf wil die doop 'n teken wees. Daarom nader gedooptes in die kerk sonder hindernis en vrymoedig tot God. Hulle werk in die skepping bring die natuur tot lofprysing. Hulle nader die dood sonder vrees as die deurgang tot die ewige lewe en hulle harte staan altyd oop en diensbaar om die koningskap van die Seun in alle dinge te bely.

Laat hierdie bloedlose revolusie vandag ook oor jou lewe spoel. Jy is immers gedoop!

DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)